

## Plasing van geboue

Maart 2010



**Skade aan tydelike geboue en karavane na die Maart 2005 Texas City ontploffing.**

Vyf jaar gelede, op 23 Maart 2005, was daar 'n reeks ontploffings by 'n olieraffinadery in Texas City, Texas. Dit het gebeur tydens die inbedryfstelling van die koolwaterstof-isomeereenheid. Die vyftien werkers wat dood is en meeste van die 180 wat beseer is, was in tydelike geboue en karavane naby die isomeereenheid. Hulle was tydelik daar om instandhouding te doen. Die ontploffing was die gevolg van 'n distillasiekolom wat oorvol en onder oormatige druk was. 'n Veiligheidsklep het oopgemaak en kokende koolwaterstof by die skoorsteen uitgeblaas. Dit het voorheen ook gebeur maar dié keer was die hoeveelheid wat uitgeblaas het soveel groter. Die vlambare dampwolk het ontsteek en 'n massiewe ontploffing veroorsaak.

Die insident beklemtoon die belangrikheid daarvan om tydelike of permanente geboue waarin mense werk, veilig te plaas relatief tot aanlegte wat gevaarlike materiale hanteer. Die American Petroleum Institute (API) het as gevolg van die bekommernis van die industrie en die publiek oor hierdie saak twee standaarde opgestel of gewysig. Die standaarde bevat aanbevelings oor aanbevole praktyke oor die bestuur van gevare verbonde aan permanente geboue (RP752) en tydelike geboue (RP 753)

## Wat kan jy doen?

- Mens mag dink dat die plasing van tydelike of permanente geboue fabrieksbestuur se probleem is, maar daar is baie mense wat op 'n aanleg werk wat 'n bydrae moet maak, byvoorbeeld:
- Verstaan die studies wat gedoen is om die uitleg van die aanleg te bepaal. Jy moet weet waar tydelike geboue nie veilig sal wees nie. Maak seker dat veranderinge in die plasing van geboue of veranderinge in die aanleg naby sulke geboue, deeglik geëvalueer word deur die proses van Bestuur van Verandering (MOC)

- Wys uit as geboue anders geplaas word as wat die studies wat die aanleg uitleg bepaal het toelaat. So byvoorbeeld kan bestuur dink daar is selde mense in 'n afgeleë beheerkamer en die risiko is klein, maar operateurs mag dalk weet dat die gebou gereeld en vir lang tydperke beman word.
- Moenie skuiling soek van 'n potensiële ontploffing in 'n gebou wat nie ontwerp is om die ontploffing te weerstaan nie. 'n Ontploffing veroorsaak 'n skokgolf en geboue wat nie ontwerp is daarvoor nie, kan ernstig beskadig word of totaal verwoes word. Mense word eerder deur vallende geboue en vlieënde stukke gebou beseer as deur dieselfde skokgolf in die oopte. Sodra jy bewus word van 'n uitlaat van vlambare materiaal wat 'n vlambare dampwolk kan vorm, volg jou aanleg se noodprosedure. Dit kan die aktivering van die noodalarm insluit, om te verseker dat mense wat nie tydens die noodsituasie nodig is nie, die aanleg en nabygeleë geboue ontruim.
- Maak seker dat net noodsaaklike personeel toegelaat word in die aanleg tydens hoërisiko dele van die bedryf, soos inbedryfstelling, noodafsluitings en prosesafwykings.
- Dring daarop aan dat insidente waartydens gevaarlike materiale vrygelaat is, behoorlik ondersoek word en dat aksie geneem word om herhaling te voorkom.

***Maak seker alle geboue waar mense werk is veilig.***